AP2001_1_11_5

Citizen P5 5/11/2001

# A-G to probe expense

By ELEANOR MOMBERG

THE Auditor-General would have to decide whether the R1 million spent every year since 1994 for the upkeep of an office, and a private residence, in Ulundi for Inkatha Freedom Party president Mangosuthu Buthelezi was justifiable, the African National Congress said yesterday.

KwaZulu-Natal ANC spokesman Mthonephi Mthimkhulu said the party had asked the A-G to investigate the matter some time ago.

According to the *Sunday Times* the taxpayer had forked out more than R1,5 million in the past financial year for telephones, electricity, gardening and cleaning services, and general maintenance of Buthelezi's Ulundi office, situated in the provincial legislature.

Buthelezi, in his capacity as Minister of Home Affairs, had official residences in Pretoria and Cape Town.

In reply to question by the Democratic Party's Belinda Scott, public works MEC Celani Mtetwa said the legislature's expenditure for the office was apportioned "according to the percentage of floor area occupied".

The office space was used for Home Affairs business and for KwaZulu-Natal House of Traditional Leaders matters. Buthelezi was chairman of the House.

Figures supplied by Mtetwa's department indicated that the province had, since 1994, paid more than R6 million for the upkeep of the Home Affairs' office, and more than R4-million for the traditional leaders' offices.

The unauthorised expenditure by the traditional leaders and local government affairs department on Buthelezi's house had been questioned in the 1996/97, 1997/98 and 1999/2000 Auditor-General reports.

Mthimkhulu told *The Citizen* concerns about the expenditure on the offices and house had been raised by the ANC in the public works and finance portfolio committees of the legislature a number of times – the latest being last week.

"We nevertheless felt that the matter needs to be tackled by the Auditor-General. We are not happy about this. We are concerned about this issue, because it is creating a very negative picture for those people noticing that the private residence is being funded." he said.

THE NATAL WITNESS, MONDAY, NOVEMBER 5, 2001

# Redefining Africa

THERE is ever-widening recognition that for centuries past, thinking about the nature of the world's many peoples has been dominated, and distorted, by European and Western perceptions. For many Europeans, the denizens of their far-flung empires were at best curiosities and at worst uncivilised barbarians. Africa in particular was the "dark continent", an untamed jungle wilderness peopled by "savages".

If this notion was cultivated by colonialism and (in South Africa, by subsequent white domination), it has also, regrettably, been perpetuated by the behaviour of some post-colonial African leaders themselves. Racists seeking evidence to confirm their prejudice can readily point to repeated and often horrifying instances of bullying autocracy, internecine violence, gross incompetence and truly barbaric cruelty.

These are exceptions to the new norm but, with vision skewed by the refracting lens of Eurocentrism, the international community undervalues the development that has been going on in Africa. Objectively assessed, this is a continent of immense opportunity. In many ways, South Africa is leading that development and it is altogether appropriate that South Africa's new leaders, first Nelson Mandela and now Thabo Mbeki, should be its chief heralds. Mbeki is to be applauded, too, for recognising that international perceptions will not change unless Africa changes itself and works to project an image of stability and reliability instead of instability and risk.

Laudable as Mbeki's efforts are, however, he needs to acknowledge that his own position on key problems dilutes and even contradicts his message. His stubborn quirkiness on HIV/Aids and his failure to take a vigorous stand on Robert Mugabe's flouting of democratic principle must make the world wonder whether he is not, after all, just another African leader whose judgement cannot be banked on — for foreign investors, literally so. The European renaissance was a burgeoning of cultured thought funded by the opening of new trade routes. Africa, rightly, has a new confidence in its culture but, inasmuch as the flowering of an African renaissance needs an economic hothouse, international skepticism remains a major handicap.

5.Nov. 2001 13:29 INKATHA FREEDOM PARTY No.5482 P. 10/14

Beeld, Maandag 5 November 2001

## • Kaapse teenstand kan NNP-skeuring afgee

# DA-stryd in hof baklei

Willem Jordaan en Waldimar Pelser

Kaapstad. – Die veldtog in die Wes-Kaap om die NNP in dié provinsie binne die DA te hou, het nuwe momentum gekry met planne om die grondwetlikheid van die onttrekking aan die DA in die hof te betwis en 'n nuwe strategie om 'n buitengewone provinsiale kongres byeen te roep.

Indien dié planne slaag, sal dit die skeuring in die NNP amptelik voltrek nadat mnr. Gerald Morkel, Wes-Kaapse premier, vierkantig teen die onttrekking aan die DA en die beplande samewerking met die ANC vasgeskop het.

Die NNP op nasionale vlak is vol vertroue dat dié planne nie sal slaag nie.

"Dis sommer 'n wolhaarstorie," het mnr. Daryl Swanepoel, uitvoerende adjunkdirekteur van die NNP, gesê. "Die NNP neem al sy besluite op grond van deurdagte regsadvies." Hy wou nie verder uitwei nie.

Mnr. Theuns Botha, burgemeester van die Langeberg-munisipaliteit in Riversdal en plattelandse sameroeper van DA-stadsraadslede wat eergister se oorlegpleggende konferensie in Goudini gereël het, het gesê regstappe kom teen mnr. Marthinus van Schalkwyk, leier van die NNP, en sy federale raad.

Ingeligtes wat betrokke is by die voorbereidings vir moontlike regsaksie, het gesê die onttrekking aan die DA was onregmatig "omdat die federale grondwet voorsiening maak vir 'n formele verhouding tussen die NNP en die DA".

Die plan is nou om die hooggeregshof te nader om 'n interdik teen Van Schalkwyk en die federale raad om laasgenoemde se besluit ongedaan te maak.

Dié beplande regsproses is afsonderlik van Morkel se aansoek om 'n interdik teen sy skorsing wat vandeesweek voor die hof kom. Morkel het verlede week 'n tussentydse skikking met Van Schalkwyk bereik ingevolge waarvan sy NNP-lidmaatskap tydelik herstel is.

Intussen het Morkel en sy ondersteuners ook regsraad ingewin oor hoe om te werk te gaan om 'n buitengewone provinsiale kongres byeen te roep nadat eergister se konferensie in Goudini nie amptelike NNP-status kon verkry nie.

Die plan is om die NNP in die Wes-Kaap op 'n provinsiale kongres te distansieer van die federale raadsbesluit. Die Morkel-kamp meen dat die federale raadsbesluit dan nie vir die Wes-Kaap sal geld nie.

Luidens die regsraad moet die NNP se hoofraad in die Wes-Kaap 'n buitengewone provinsiale kongres byeenroep as 15% van die distriksrade in die Wes-Kaap daarom vra.

Volgens Botha word beplan om reeds teen môre-aand 'n buitengewone provinsiale kongres byeen te roep. Dit kan egter op die vroegste eers oor twee weke plaasvind, het hy gesê.

In Goudini het meer as 1 000 NNP-lede, raadslede en voormalige strydrosse eenparig 'n mosie van vertroue in Morkel aanvaar.

Intussen het Van Schalkwyk in 'n verklaring gesê die opposisiepolitiek is nou w[...] verdeel tussen verligtes en verkrampte[s].

"Die verligte standpunt is 'n konstruk we een wat nuwe geleenthede oopmaak. Dit is 'n siening dat die bou van 'n sterk, stabiele sentrum in die politiek tussen partye wat verskille het, belangrik is sodat Suid-Afrika 'n sukses kan wees.

"Die verkrampte standpunt is een wat onder die vaandel van sterk opposisie minderheidsgemeenskappe wil afkeer in 'n laer waar daar nie 'n langtermyn-toekoms is nie. Dit is 'n benadering waar die minderheidsgemeenskappe se vrees vir politieke mobilisering uitgebuit word."

Beeld, Maandag 5 November 2001

# Samewerking met ANC 'beteken elk behou sy identiteit'

Hannatjie van der Merwe

Kimberley. Samewerking in die regering beteken nie jy verloor jou identiteit nie. "Dit beteken ons sit ons beste talente en vaardighede op die tafel en regeer saam ter wille van al ons mense," het mnr. Marthinus van Schalkwyk, NNP-leier, die naweek hier op 'n uitgebreide hoofraadsvergadering van die NNP gesê.

Van die stadsraadslede op die vergadering het agterna gesê hulle wil eers die kat uit die boom kyk voordat hulle oor hul politieke toekoms besluit.

Sowat 200 mense het dit bygewoon.

Mnr. P.W. Saaiman, Noord-Kaapse NNP-leier, het aan die begin van die vergadering gesê van die mense het tot 1 000 km gery om dié byeenkoms by te woon. Hulle het dit uit ernstige belangstelling en lojaliteit gedoen.

Hy het vir Van Schalkwyk gesê "voor u sit baie onsekere stadsraadslede. Vir baie is dié posisie en inkomste die enigste wat hulle het".

Lede van die Noord-Kaapse Civic Organisation wat hulle voor die afgelope munisipale verkiesing by die Demokratiese Alliansie (DA) aangesluit het, was ook teenwoordig.

Van Schalkwyk het gesê dit help nie om net te skree en te kritiseer nie. Dit gaan nie mense se lewe verander nie.

Die DA was 'n goeie idee, maar een wat sleg skeefgeloop het.

"Ons wou die DA 'n party vir wit, bruin, swart en Indiër maak, 'n party waar almal tuis voel."

Dit was mettertyd duidelik dit is moeilik om die NNP en die Demokratiese Party (DP) te versoen.

Van Schalkwyk het gesê die DP se hart is nie werklik in die nuwe SA nie.

'n Mens kan nie 'n party hê wat net die behoefte van 'n klein doeltjie van die mense verstaan nie.

Die Peter Marais-debakel was 'n bydraende rede vir die NNP se besluit om die DA te verlaat. Vir mense wat soos Marais is, is daar nie plek in die DA nie.

As 'n mens nie soos die DP dink en lyk nie, is daar nie vir jou plek in die DA nie.

Marais is onseremonieel uit die DA geskop op 'n manier wat nie moes wees nie.

Die DA is nie 'n party vir al die gemeenskappe en alle kleure nie.

Samewerking met die ANC op regeringsvlak beteken elke party behou sy eie identiteit.

"Ons is ons eie party, ons bly in die opposisiebanke. Ons is ter wille van ons eie mense bereid om saam met die ANC in die regering te dien.

"Dit beteken ons sit ons beste talente en vaardighede op die tafel en regeer saam ter wille van ons mense.

"As ons vir altyd op 'n kluit saam met die DP bly sit, gaan ons daar verkluim. Nuwe geleenthede moet oopgebreek word. Daar gaan risiko's wees. Liewer dit, en ons kan 'n sinvolle rol speel as wat ons net aanhou sê ons verskil."

DA-stadsraadslede wat NNP is, moet kalm wees.

"Ons sal vir ons mense 'n keuse in die toekoms gee. Ons hoop teen daardie tyd is 'n ooreenkoms in plek wat gesamentlike regering op alle vlakke moontlik maak," het Van Schalkwyk gesê.

**Beeld, Maandag 5 November 2001**

# NNP deur 'evolusie', behou sy identiteit by ANC

Christi van der Westhuizen

Kaapstad. – Die ANC en die NNP sal elkeen sy identiteit en outonomie behou en in die openbaar sy standpunte kan stel.

Dit is die grondslag waarop die ANC die naweek besluit het hy met die NNP wil saamwerk.

Die DP meen dat die ANC die NNP wil "insluk"

Die ANC se nasionale uitvoerende komitee (NUK) het die naweek 'n spesiale vergadering gehou oor samewerking met die NNP.

Die NUK verwys egter nie in sy verklaring oor die vergadering na die huidige pogings van die Wes-Kaapse NNP om weg te breek van die nasionale NNP en deel van die DA te bly nie.

Elke party sal sy eie programme en beleid behou, maar die samewerking moet op al drie regeringsvlakke geskied, lui die verklaring.

Samewerking met die NNP bied 'n "unieke geleentheid om die ras-gedefinieerde aard van opposisiepolitiek" in Suid-Afrika te verander, het die NUK gesê.

Dit bied ook 'n geleentheid om die "magte" te verbreed wat verbind is tot die grondliggende transformasie van Suid-Afrika.

Die ANC erken dat die NNP die "hoofargitek van apartheid" is, maar meen dat die party deur 'n evolusieproses gegaan en sy verlede oorkom het en "positief wil bydra" tot die land se toekoms.

Die NNP is steeds 'n "belangrike mag".

Die grondslag van die samewerking moet wees 'n verbintenis tot die grondliggende verandering van die land om onder meer nie-rassig, nie-seksisties, demokraties en vooruitstrewend te wees.

Dit behels ook die bou van 'n Suid-Afrikaanse patriotisme om die land te "ontras" en om uitdagings aan te pak soos armoede en siekte.

Die samewerking gee 'n geleentheid vir "wit, bruin en Indiër"-Suid-Afrikaners om swart Suid-Afrikaners se hande te vat en saam verantwoordelikheid te neem vir die land, het mnr. Renier Schoeman van die NNP gesê.

Die NNP het ook gesê die ooreenkoms dat die twee partye hul identiteit sal behou, maak dit moontlik om saam te werk.